# ST JOHN'S COLLEGE

## AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL : VRAESTEL 1

Tyd: 2 ½ uur
MH

100 punte
2011 HV Proefeksamen

Instruksies:

Hierdie vraestel bestaan uit VIER afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| Afdeling A: | Begripstoets | 30 punte |
| Afdeling B: | Opsomming | 10 punte |
| Afdeling C: | Poësie | 30 punte |
| Afdeling D: | Taal | 30 punte |

Beantwoord al die vrae in al die afdelings.

Begin elke afdeling op 'n nuwe bladsy.

Sterkte en geniet die eksamen - moenie LOL nie!

| AFDELING | VRAAG | LEERUITKOMS | ASSESSERING-STANDAARD | PUNTE |
|---|---|---|---|---|
| Leesbegrip | 1 | 2 | 2.1, 2.2 | 15 |
| | 2 | 2 | 2.1, 2.2 | 10 |
| | 3 | 2 | 2.1, 2.2 | 5 |
| Opsomming | 4 | 2, 4 | 2.1, 4.2 | 10 |
| Poësie | 5 | 2 | 2.1, 2.4, 2.5 | 10 |
| | 6 | 2 | 2.1, 2.4, 2.5 | 10 |
| | 7 | 2 | 2.1, 2.4, 2.5 | 10 |
| Taalvaardigheid | 8 | 4 | 4.1, 4.2, 4.3 | 17 |
| | 9 | 4 | 4.1, 4.2 | 9 |
| | 10 | 3, 4 | 2.2, 3.2, 4.2 | 4 |

**Afdeling A: BEGRIPSTOETS**

**Vraag 1 'n Leesstuk**

*Lees die volgende leesstuk noukeurig deur en beantwoord daarna die vrae wat volg:*

Hoe om jou nuwe meisie se ouers te beïndruk



1. As jy 'n goeie indruk kan skep wanneer jy jou meisie se ouers vir die eerste keer ontmoet, sal jy 'n beter kans staan dat hulle eendag jou skoonouers sal wees. Volg dus die volgende raad:

2. Voorbereiding. Doen navorsing oor haar ouers se belangstellings en lewens sodat jy jou gesprek met hulle kan stuur in 'n rigting waarvan hulle hou. Hulle sal jou dadelik sien as 'n intelligente en interessante mens, nie net as die lae lak wat hulle dogtertjie wil verlei nie.

3. Eerste indrukke. Trek netjies aan. Ons praat nie hier van formele aandpak en krawat nie, maar 'n langmouhemp en (skoon) jeans is 'n goeie begin. Vermy T-hemde met boodskappe daarop wat begin met "Jou Ma . . ."

4. Hoe om te groet. 'n Opregte glimlag en 'n gawe "Aangename kennis" sal genoeg wees vir haar ma, maar haar pa sal slegs tevrede wees met 'n ferm handdruk. Hy sal natuurlik probeer om jou hand te breek, dus sal jy voorbereid moet wees om terug te gee so goed as wat jy ontvang. Maak net seker dat jy hom nie voor sy dogtertjie humilieer nie, want dan is jou kanse permanent verby.

5. Algemene reëls. Moenie vloek nie; spreek hulle aan as Meneer en Mevrou (of Oom en Tannie), en nie as Pa en Ma nie (tensy hulle daarop aandring); vermy enige seksuele verwysings - net idiote sal dit doen. Wees hoflik, maar sê jou sê; glimlag baie en moenie selfvertroue verloor nie, maak nie saak wat gebeur nie. Onthou ook om hulle heuning om die mond te smeer deur hulle te vertel watter sprankelende, intelligente en pragtige dogter hulle het. Moet dit egter nie te ver vat nie - jy wil nie die idee skep dat jy 'n AK-47 sal uitruk as sy jou die volgende dag sou afsê nie. Moenie bang wees om jou liefie voor haar ouers 'n paar drukkies te gee of haar hand vas te hou nie. 'n Volskaalse gevryery terwyl haar pa die seën voor middagete vra, is egter taboe.

*(. . . / 3)*

6. Tafelmaniere. Komplimenteer haar ma se kookkuns entoesiasties en aanvaar ‘n tweede bordvol, maak nie saak hoe walglik die kos is nie. Moenie te veel alkohol tydens die maal drink nie: deur in hulle toilet te moet opgooi of in die kat se sandboks te piepie sal vir jou geen punte inpalm nie.

7. Die afskeid. As dit lyk asof haar ma ‘n drukkie wil hê, moenie haar teleurstel nie. Moet egter nie oorboord gaan en haar pa sommer ook een gee nie. As enigeen van hulle ‘n soentjie wil hê, hou net jou tong in jou mond.

Vertaal en verwerk uit: *150 Things Every Man Should Know*

Vrae:

1.1 Voltooi die volgende sin deur slegs EEN WOORD in te vul:

*Dis belangrik om jou meisie se ouers te beïndruk as jy en sy eendag wil . . .* (1)

1.2 Wat sal jou meisie se ouers van jou dink as jy kan praat oor hulle belangstellings? (1)

1.3 Watter TWEE dinge moet jy doen voordat jy jou meisie se ouers vir die eerste keer ontmoet? (2)

1.4 ‘n ‘Lae lak’ (par. 2) is iemand wat (kies een):

1.4.1 baie min geluk het;

1.4.2 onbelangrik is;

1.4.3 die verkeerde morele waardes het. (1)

1.5 Watter TWEE dinge moet ‘n mens beslis nie dra wanneer jy jou meisie se ouers ontmoet nie? (2)

1.6 Wat stel die skrywer voor moet jy doen as jou meisie se pa jou hand probeer breek? Gebruik jou eie woorde. (1)

1.7 Verduidelik in jou eie woorde wat die volgende uitdrukkings beteken deur die sinne te voltooi:

1.7.1 ‘Sê jou sê’ (par. 5) is ‘n uitdrukking wat beteken dat . . . (1)

1.7.2 Om iemand ‘heuning om die mond te smeer’ (par. 5), beteken dat . . . (1)

1.8 Noem een onaanvaarbare ding wat jy dalk sal doen as jy tydens middagete sou dronk word. (1)

1.9 Sê of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is en haal uit die leesstuk aan om jou antwoord te bewys.

1.9.1 Jy moet nooit jou meisie se ouers ‘Pa’ of ‘Ma’ noem nie. (2)

1.9.2 Moenie jou meisie se ma ‘n drukkie gee wanneer jy loop nie. (2)

[15]

**Vraag 2 Die waarheid agter die tienersensasie Rebecca Black se treffer *'Friday'***


① Die liedjie handel oor President JFK se sluipmoord. Kennedy is in 'n motorkar geskiet. Die bestuurder se naam was Samuel Kickin *(Kickin' in the front seat)*




② Die sluipmoord het op 'n Vrydag plaasgevind. Toe JFK geskiet is, het die FBI-agente vir Jackie Kennedy geskree om 'plat te lê' *(got to get down on Friday)*





③ In sy hotelkamer daardie oggend het JFK nie sy gebruiklike ontbyt van spek en eiers gehad nie, maar eerder 'n bakkie graanvlokkies
*(got to have my bowl, got to have my cereal)*




④ Die volgende Maandag sou JFK wetgewing teken waardeur alle skole vir hulle leerlinge busvervoer sou moes verskaf *(gotta catch my bus)*




⑤JFK is in die agterste sitplek van 'n donkerblou 1961 Lincoln geskiet - waar Black uiteindelik kies om te sit




Vrae:

2.1 Waarom, dink jy, het die FBI-agente vir Jackie Kennedy geskree om 'plat te lê'? (1)

2.2 Waarom pas die rooi letters waarmee die titel van die liedjie (Friday) geskryf is by 'Bloedige Vrydag' - die dag waarop JFK vermoor is? (1)

2.3 Gee 'n sinoniem vir die woord 'gebruiklike'. (1)

2.4 Verduidelik (volgens die teorie) waarom dit simbolies is dat Rebecca Black se skoolbus in die video nie opdaag nie? (1)

2.5 Noem enige TWEE ooreenkomste tussen die JFK sluipmoord en die Rebecca Black musiekvideo. (2)

2.6 Sê of die volgende stelling WAAR of ONWAAR is en haal uit die leesstuk aan om jou antwoord te bewys.

2.6.1 JFK is in sy hotelkamer vermoor. (2)

2.7 Die doel van hierdie stuk is om (kies een):

2.7.1 die ooreenkomste tussen die video en JFK se dood uit te wys;

2.7.2 mense se haatgevoelens teenoor Rebecca Black te versterk;


2.7.3 mense bang te maak. (1)

2.8 Volgens die leesstuk, hoe laat het JFK gesterf? (1)

[10]

**Vraag 3 'n Grafiek**

*Bestudeer die volgende grafiek en beantwoord daarna die vrae wat volg:*




Vrae:

3.1 Volgens die grafiek:

3.1.1 Watter eksamen neem die seuns ernstiger op, en waarom sê jy so? (2)

3.1.2 In watter tydperk leer die seuns die meeste oor hulle voorgeskrewe boek? (1)

3.1.3 Hoe weet ons dat die seuns staatmaak op hul korttermyn-memorisering? (1)

3.1.4 Sal die seuns Lien se verhaal aan hulle kleinkinders kan vertel? (1)

[5]

**[30]**

**Afdeling B: OPSOMMING**

**Vraag 4** Lees die volgende gids goed deur. Som dan die <u>VYF belangrikste</u> stappe op wat jy moet neem om 'n huilende vroumens te troos.

Instruksies:
(a) Nommer jou stappe van 1-5.
(b) Jou opsomming moet 70 woorde lank wees, of jy sal punte verloor.
(c) Skryf jou lys sover moontlik in jou eie volsinne.
(d) Moenie meer as een sin oor elke stap skryf nie.
(e) Skryf die aantal woorde wat jy gebruik het aan die einde van jou opsomming neer.

## Hoe om 'n huilende vroumens te troos



1. Elke man behoort gereed te wees om 'n huilende vroumens teë te kom - en hy moet dan weet wat om te doen. Seker die belangrikste item wat jy ter alle tye by jou moet hê is 'n sakdoek. Verkieslik een wat jy nie gebruik het nie - dis nie vir jou nie, maar vir die huilende vroumens.

2. Wanneer jy haar teëkom (en haar lyf moet ruk soos sy huil asof sy seergekry het - moet nooit 'n vroumens nader wat net tranerig is of stilletjies snik nie), benader haar asof jy 'n gekweste dier benader wat dalk nog mag byt: stadig en op jou hoede. Haal solank die sakdoek uit.

3. Dis noodsaaklik dat jy haar aandag trek op 'n manier wat haar nie sal laat skrik nie en ook nie tot die aanval sal laat oorgaan nie. Sê iets soos: "Ek's jammer om jou te steur, maar is daar enigiets wat ek kan doen om jou te help?" Of sy antwoord of nie, is dit van uiterse belang dat jy buite maklike reikafstand van haar af moet staan en die nog-steeds-gevoude sakdoek na haar toe moet uithou.

4. Breek die ys deur haar te verseker dat die sakdoek skoon is - sy mag selfs lag. As sy jou nog nie gesê het om te skoert nie (en as sy vir jou sê om weg te gaan, maak onmiddellik so), vra haar wat jy spesifiek mag doen om te help: kan jy by haar bly, die polisie ontbied, na haar probleme luister of die volkslied fluit.

5. Gaan voort volgens haar leiding totdat sy vir jou sê dat sy nou beter voel. Maak egter seker dat sy wel óf heeltemal opgehou het met huil, óf ten minste net meer in beheer is van haar trane. Sê vir haar om die sakdoek te hou.

Vertaal en verwerk uit *Maxim*

**Afdeling C: POËSIE**

**Vraag 5 Sefapano**



Kruis
na die
opslaan
ons oë
waarheen ons
op die berg
***ditapole***
***mekopu***
***poone***
***dikgoho***
***dipodi***
***dipere***
***dikgomo***
vir reën
gaan bid
sing
met 'n stok
agter die ***moruti***
werksklere
mense in
komberse
vroue met kopdoeke
stofbesaai
deur die suurveld
beweeg
begin die stoet
kom hulle bymekaar
van Hlomisa
aan die voet

Vrae:

5.1 Watter TWEE funksies het die ongewone tipografie wat in hierdie gedig gebruik is? (2)

5.2 Haal twee agtereenvolgende woorde aan wat 'n negatiewe beeld van die omgewing skep. (2)

5.3 Wat is 'n 'moruti' (reël 18)? (1)

5.4 Om watter rede stap hierdie mense teen die berg op? (1)

5.5 Verduidelik die hiërargie in die volgorde van die volgende woorde: *'dikgomo, dipere, dipodi, dikgoho, poone, mekopu, ditapole'*. (2)

5.6 Verduidelik die letterlike en figuurlike betekenisse agter die woorde *'waarheen ons ons oë opslaan na die Kruis'*. (2)

[10]

**Vraag 6 Ongesiene gedig**

*In hierdie gedig volg ons die eenvoudige take wat 'n huisvrou verrig soos sy die aandete voorberei. Die einde van die gedig bring 'n verrassende wending.*

Die huisvrou Ina Rousseau

Die huisvrou loop deur die tuin
met haar skêr: die lemme blits en knip.
Dan dra sy die drag damaskusrose
na die spoelkombuis, waar sy die broos
rafelpunte van die stengels kneus,
die vaatbundels tretter en versteur
en alles in 'n erdebeker skik.
Tussen spykers ingedruk, geruk
uit hul vertroude lig en landskap,
wortelloos, die vloei van hulle sap
belemmer, kwyn hulle weg in ballingskap.

Sy neem die heel blomkoolkop.
Haar mes gly deur die parenchiem
van stronk, blom-aggregaat en steel.
Sy dissekteer die weefsel, verdeel
die wit, verwikkelde infloressensie
in dwergboompies waarmee sy speel
'n oomblik lank, half ingedagte,
voor sy die lewe in hulle blus
met water van honderd grade Celsius.

Sy neem die vis en kap sy stert af,
smak dit op die droogplank neer:
'n fyngeribde, silwer waaiertjie.
Dan kap haar kapmes die kop af
en krap dit opsy: kru afvalstof.
Die dooie oog is soos 'n muntstuk dof.
Sy blik bly strak op haar gerig
vanuit die koue bladaluminiumgesig.

Sy neem die hartjie van die lammertjie
en kloof dit oop: linker- en regter-
hartkamers lê voor haar oog ontbloot,
weerloos en onteer. Haar lem stoot
teen tussenwande waar die slagaarbloed
nog lig en dun soos rooi ink klewe.
Met 'n snel haal sny sy deur die verwese
myterklep, soos 'n chirurg bedrewe,

terwyl daar êrens in haar wese,
onsigbaar vir almal, sel met sel
saamsmelt en splits tot nuwe lewe.

Vrae:

6.1 Haal 'n frase van drie agtereenvolgende woorde uit strofe 1 aan wat bewys dat die rose stadig sal doodgaan. (1)

6.2 Op watter TWEE maniere vernietig die vrou die blomkoolkop in strofe twee? Gebruik jou eie woorde. (2)

6.3 Wat is die 'fyngeribde, silwer waaiertjie' in reël 23? (1)

6.4 Identifiseer die twee verskillende vorme van beeldspraak in reëls 26 en 28. (2)

6.5 Waarom, dink jy, word die huisvrou met 'n chirurg vergelyk (reël 36)? (1)

6.6 Van watter 'nuwe lewe' lees ons onverwags in reël 39? (1)

6.7 Dit lyk asof die huisvrou baie geweld gebruik wanneer sy die rose voorberei in die spoelkombuis. Haal vier aparte werkwoorde aan wat hierdie indruk skep. (2)

[10]



**Vraag 7 Talle Tonge Matthews Phoza**

1. Talle tonge het ek
2. een tong op ’n gegewe oomblik

3. ’n heuningtong
4. ’n bitter tong
5. ’n tong stomp
6. genoeg om te swyg

7. my skerp tong klap
8. klap soos ‘n sweep
9. en keep diep en laat bloei

10. my suur tong brand
11. brand soos asyn
12. en laat krimp inmekaar en skend

13. Talle tonge het ek
14. een tong op ’n gegewe oomblik
15. ’n tong om te sny
16. ’n tong om te salf
17. Ek het talle tonge



Vrae:

7.1 Verduidelik in jou eie woorde wat die eerste twee versreëls beteken:

*‘Talle tonge het ek*
*een tong op ’n gegewe oomblik’* (2)

7.2 Wat is die verskil tussen ‘n tong wat ‘stomp’ is (reël 5) en een wat ‘skerp’ is (reël 7)? (2)

7.3 Watter bindingsmiddel word in die gedig gebruik sodat dit ‘n sterk geheel vorm? (1)

7.4 Het ‘n ‘heuningtong ‘ (reël 3) slegs ‘n positiewe assosiasie?
Ja/Nee. Motiveer jou antwoord volledig. (2)

7.5 Verduidelik hoe ‘n mens se tong iemand ander kan ‘salf’ (reël 16). (1)

7.6 Watter vorm van beeldspraak kry ons in die titel van die gedig? (1)

7.7 Skryf jou eie sin waarin jy teenoor iemand ‘n ‘suur tong’ gebruik. (1)

[10]

**[30]**

**Afdeling D: KOMMUNIKATIEWE TAAL**


As jy die LOL uit facebook wil haal, moet jy jou net soos een van hierdie karakters gedra!

## Die Vasvra-fanatikus

Jy sou dink almal is nou al siek en sat daarvan


Christy het die volgende vasvra voltooi:
Watter soort galsterige vleis is jy?

**EK IS 'N DRIE-MAAND OUE VERROTTENDE BUFFELKARKAS!**



## Die Speler

Die uitnodigings en opdaterings hou nooit op nie




Wil jy aansluit by my HappyFarm?!

Ek het so pas my varke opgegradeer na Vlak 13 Swynridders! :D

Wanneer hulle vlak 14, 15, 16 en tot by vlak 83 se Swyntowenaars bereik, sal ek jou laat weet! :P

## Die Ongefiltreerder

Pos *ALLES* sodra dit gebeur, selfs dinge wat jy nooit ooit in 'n duisend jaar sou wou weet nie




## Die Kleefband

Volg jou *oral* op facebook en lewer kommentaar op *alles* wat jy doen




## Die Aaklige Foto-benoemer

Identifiseer jou in ENIGIETS, ongeag of jy eerder nie jou meisie of ouers sou wou wys nie

Rowan het jou in 'n foto geïdentifiseer:
Rowan sê:

Ek het gister hierdie foto by Teazers geneem toe jy en Bambi daardie nachos en schnapps ongelukkie gehad het!




## Die Funksiebeplanner

Nooi ALMAL na ALLES

Jy MOET na my kat se verjaarsdagpartytjie toe kom!



Jy't nog nooit my kat ontmoet nie, en ek en jy het drie jaar gelede vir 2 minute met mekaar gepraat by 'n partytjie.

Sedertdien het ek na Prostaat in Limpopo verhuis. Dis 1500km van jou af, maar dit sal regtig baie vir my kat beteken as jy kan kom!

*Vertaal en verwerk uit www.theoatmeal.com*

**Vraag 8 Sinstrukture**

Verwys na die vorige bladsy se strokiesprent en verander telkens die sinne hieronder soos aangedui:

| | |
|---|---|
| 8.1 | Die Funksiebeplanner sê vir Willem: "Jy moet na my kat se verjaarsdagpartytjie toe kom!" |

*Die Funksiebeplanner sê vir Willem dat . . .* (1)

| | |
|---|---|
| 8.2 | Michael beveel vir die Ongefiltreerder dat hy nie grusame persoonlike besonderhede moet pos nie. |

*Michael beveel vir die Ongefiltreerder: " . . ."* (1)

| | |
|---|---|
| 8.3 | Die Speler het opgewonde sy varke na vlak 13 Swynridders opgegradeer. |

*Sy varke . . .* (1)

| | |
|---|---|
| 8.4 | Christy sal daagliks dertig simpel vasvragies afhandel om haar status op te dateer. |

*Dertig simpel vasvragies . . .* (1)

| | |
|---|---|
| 8.5 | Die Kleefband hou van sy fb-vriend se oë, want hulle lyk vir hom soos persketjies. |

*Aangesien . . .* (1)

| | |
|---|---|
| 8.6 | Rowan neem 'n walglike foto van sy tjommie. Hy heg sy naam en 'n beskrywing aan. |

*Nadat . . .* (2)

| | |
|---|---|
| 8.7 | Die Speler sit die hele dag voor sy rekenaar om vlak 83 in HappyFarm te bereik. |

*Die Speler sit die hele dag voor sy rekenaar sodat . . .* (1)

| | |
|---|---|
| 8.8 | Iemand vertel 'n fb-grappie. Die Kleefband lag in opgewonde hoofletters vir die grappie. |

*Iemand vertel 'n fb-grappie waarvoor . . .* (1)

| | |
|---|---|
| 8.9 | Die Speler se uitnodigings en opdaterings hou nie eers vir 'n oomblik op nie. |

*Volgende week . . .* (1)

| | |
|---|---|
| 8.10 | Die Ongefiltreerder is vreeslik trots op sy ongesonde toiletroetine, want hy het die verkeerde waardestelsels. |

*Toe hy jonk was, . . .* (2)

| | |
|---|---|
| 8.11 | Die arme fb-gebruiker het desperaat van die Kleefband probeer wegkom. |

*Op hierdie oomblik . . .* (1)

| 8.12 | Nooi die Funksiebeplanner nog haar fb-maatjies na elke moontlike partytjie? |
|---|---|

*Nee, . . .* (1)

| 8.13 | Rowan identifiseer al sy fb-maatjies in onthullende foto's. |
|---|---|

*Rowan hou daarvan . . .* (1)

| 8.14 | Jy moet na my hond se derde bar Mitzvah toe kom. |
|---|---|


*Jy hoef . . .* (1)

| 8.15 | Almal is nou al siek en sat vir sulke simpel vasvragies. |
|---|---|

*Almal behoort . . .* (1)

**Vraag 9 Woordstrukture**

*Lees die onderstaande paragrawe deur en doen telkens wat tussen hakies gevra word.*
*Skryf slegs die nommer van die vraag en jou antwoord neer.*




Jeremy staar na die klein (9.1 skerm - verkleining) van sy selfoon en tik (9.2 baie+vinnig - intensiewe vorm) 'n boodskap (9.3 aan/tot/toe - kies die korrekte voorsetsel) sy meisie, Sara. Sy pa se gesig dra 'n uitdrukking van pyn (9.4 a.g.v. - skryf die afkorting uit) Jeremy se (9.5 aanhou - deelwoord) getikkery. Sy pa het al by baie (9.6 geleentheid - meervoud) vir Jeremy gesê om dit nie te doen nie, maar Jeremy blyk 'n (9.7 ongehoorsaam - korrekte vorm) seun te wees!

Jeremy se ma (9.8 waarlangs/langs wie) Jeremy sit, het swart (9.9 kleur - deelwoord) hare en lyk (9.10 ontspanne - vergelykende trap) as haar man! Sy is (9.11 onbewus/bewusteloos/onbewusteloos - kies die regte woord) dat haar seun 'n skelm plan beraam om haar (9.12 uitvang - korrekte vorm van die woord). Die oproep uit die kombuis uit gaan baie (9.13 irriterende - korrekte vorm) wees. As sy vir hom iets bring, sal ons weet hy is 'n (9.14 bederf - deelwoord) tiener. (9.15 Hy se - korrekte vorm) ma se gesig is egter die (9.16 kwaad - oortreffende trap) wat ek al ooit gesien het. 'n Mens moet weet dat as (9.17 hy/sy/jy - kies die korrekte voornaamwoord) so iets doen, gaan daar net probleme wees. (9.18 - Vul 'n vraagwoord in) raad sal jy nou aan Jeremy gee?

½ x 18 = (9)

**Vraag 10 Taalkommunikasie**

In die onderstaande prentjie is drie meisies besig om die afloop van hulle laaste matriekeksamen te vier. Die eerste meisie is baie verlig dat hulle hulle skooljare nou agter die rug het.

Die tweede **stem saam** en **druk haar ongeloof uit**. Sy sê dan waarna sy nou uitsien.

Die derde meisie is ook bly, maar **rig 'n waarskuwing** aan die tweede meisie na aanleiding van wat sy gesê het.




10.1 Meisie nommer 2: " . . ." (20 woorde maksimum) (3)

10.2 Meisie nommer 3: " . . ." (12 woorde maksimum) (1)
[30]

Beste Abdus-Samad , Ahmad, Akshar, Alex Jr Maemu, Alistair Robert Price, Andrew Robert, Anurag, Arpan, Aymeric Guy Oscar, Barend Johannes, Benjamin Patrick, Chia-jung, Christian, Christopher, Christopher Thomas, Constandino, Dakalo Maanda, Daniel Jose, Daniel Michael, Darren Michael, Dean, Donovan Trevor, Dylan Joseph, Ebrahim, Ebrahim, Edward Claude, Ethan Wade, Francois Jaco Arno, Geoffrey Charles, George Kandathil, George Matthew, Grant Peter, Gregory John, Iain, Cameron, Ian Alexander, Jacques Michael, Jade Frank, Jake Ian, James Alexander, James Gordon, James Kenneth Grant, James Tate, Jared Colin, Jason Davor, Jason Robert, Jeffrey Frank, Jesse Kwete, Johan Joachim, John Benjamin, Linton, John Patrick, John Robert, Jonathan Mark Maxwell, Joshua, Kai Luke, Kamogelo, Khathutshelo Kevin, Kirk Michael, Lethlogonolo Maurice, Liam Geoffrey, Lloyd Christian, Lu-Alan Alfred Ali, Mangezi Reamogetse Nkateko, Marcus, Marko, Leon, Markus, Massimo Rolando, Matthew, Matthew Andrew, Matthew Bruce, Matthew James, Matthew Nathaniel, Michael Cameron St John, Michael Christian, Michael David Ian, Michael Gautier, Michael James Fell, Minhyoung, Morgan Wyn, Murray Charles, Murray Thomas Goble, Nicholas Emanual, Nicholas James, Nicolas Stanislaw Gregory, Oscar, Paul, Nicholas, Peter Thomas, Pieter Daniel, Ponayi Alistar, Reece Matthew, Reshard Lee, Riaan Albert, Richard, Robin Sean, Roderick Alexander, Rowan Michael, Rowan Van Heerden, Rupert James, Sahil, Schalk Du Plessis, Sebastian Jess, Sharlin, Sheldon Dino, Shyamkumar, Simon Alexander Maisels, Simon Christopher, Sizwe Hymie, Sohail, Steven Bernard, StJohn William Lionel, Suwan Asiri, Syed Talha, Talha, Tariq, Thomas Richard, Travis Roger, Tyron William, Tyrone, Vernon Michael Douglas, Willie, Yasthil, Yusuf - geniet die vakansie! - MCJ, IB, DW en MH